'N ASPEKTIES-AKTIONSARTIGE ONDERSOEK NA DIE FUNKSIELINGEMATIESE GE-PREMORFEEM, DIACHRONIES GESIEN

Daniel Petrus Wissing, Honns. B.A.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Potchefstroom
1965

VOORWOORD

Hierdie studie is onder leiding van professor F.J. Labuschagne gedoen, en aan hom betuig ek graag langs hierdie weg my innige en opregte dank vir die werklik besielende leiding wat hy gedurende hierdie tyd aan my gegee het. Ek is veral baie dankbaar vir die lang gesprekke oor hierdie onderwerp en ook oor sake van algemene taalwetenskaplike belang wat ek so dikwels met hom kon voer. Dit is hierdie gesprekke wat mens se visie verbreed en tot verdere studie inspireer.

Ook aan professor H. Venter, die hoof van die Departement Afrikaans-Nederlands, my dank vir sy belangstelling in en ook om my studie en vir sy simpatieke en welwillende benadering gedurende die afgelope jare.

D.P. Wissing. November 1965.

INHOUD

Hoofstuk		Bladsy
	Voorwoord	i
	Terminologiese verklaringe	iii
	Probleemstelling	1
I	Die onderskeiding aspek-aktionsart	3
II	Etimologie van die ga-, gi-, ge-premorfeem	13
III	Die voorkoms en funksie van die premorfeem in Grieks en Latyn	20
IV	Die voorkoms en funksie van die premorfeem in Ou-Germaans	31
V	Die ge-premorfeem in die jonger Germaanse tale: Middelhoogduits, Middelnederlands, Nieu-Nederlands en Afrikaans	53
	Samevatting	60
	Bibliografie	62

TERMINOLOGIESE VERKLARINGE

In die loop van hierdie verhandeling is gebruik gemaak van enkele nuwe terme, ontleen aan die funksionele taalbeskouing van prof. F.J. Labuschagne, wat uit die aard van hulle relatiewe onbekendheid nader toegelig moet word.

Hierdie terme is alreeds in die brosjure van prof. Labuschagne, Die oorsprong en wese van taal, funksioneel gesien[1], uiteengesit, maar hy het later by verdere uitbouing van hierdie Taalleer enkele terme suiverder afgebaken en omskryf en selfs noodsaaklikerwys nuwes ingevoer. Terme wat hier ter sprake sal kom en wat nadere verklaring verdien, is die volgende: lingemaat; logos, logeem, logaal, logaliteit; sinteem, sintemaat; morfeem, morfemaat; funksie-, saak- en hoedanigheidslingemate; funktor en funktum.

Die Verklarende Afrikaanse woordeboek[2] gee onder andere die volgende definisie van die logos: "dit wat die vergeestelikte woordinhoud of woordfunksie is; vergeestenis". Sien ook die ander, meer uitgebreide definisie in die aangehaalde woordeboek.

Die logeem is "die in taalklank gestruktureerde, artikuleerbare vergestalting van die logos, die primêre betekenisdraende fonomorfe struktuurelement van die woord".

---

1 Oorgedruk uit: Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Okt. 1957.

2 Kritzinger, M.S.B. e.a. Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 1961. Alle definisies is uit hierdie woordeboek.

Die term logaal het betrekking op die logos, dit is dit wat tot die logos behoort, die is aan die logos, terwyl die logaliteit van 'n woord sy logale inhoud is, tradisioneel ook die "betekenis" van die woord genoem, al is die woord nie 'n "teken" van iets nie.

Dit is ook verkieslik om nie van 'n woord in die sin waarin ons dit hier gebruik het te praat nie. Dit is miskien beter om die woord tot die spraak te beperk en om van die lingemaat te praat waar ons met die taal te doen het. Die taal is die min of meer vaste, regulerende komponent van die meer verwisselbare, veranderende spraak.

Die sinteem is die morfologiese element wat die funksie het om aan die onvolmaakte lingemaat, dit is die lingeem, sy sintaktiese bepaaldheid en vorm te gee, ook soms algemeen die buigingsuitgang of die fleksiemorfeem genoem. Die sintemaat is 'n outonome lingemaat met die funksie van 'n sinteem.

Die morfeem (pre-, in- en postmorfeem) is 'n vormingselement aan (of soms in, soos by ablaut) die logeem wat slegs logaalrigtende, lingemaatsoortafleidende, gebruiksrigtende of lingemaatboulike funksie het. Hulle word gewoonlik affikse genoem. Die morfemaat is 'n outonome lingemaat met die funksie van 'n morfeem.

Die tradisionele rededele word om bepaalde redes nie meer onder andere werkwoorde, selfstandige naamwoorde of byvoeglike naamwoorde genoem nie maar respektiewelik funksie-, saak- en hoedanigheidslingemate. Daarby noem prof. Labuschagne die onderwerp en voorwerp van 'n sin

onderskeidelik die funktor en die funktum. Hierdie wysiging van terme kan egter nie nou hier verantwoord word nie, en word hier daarom na die genoemde brosjure van prof. Labuschagne verwys.

'n Saaklike toepassing:

Latyn amat = Afrikaans hy het lief

am- draer van die logos, dus die logeem;
-a- funksielingematiese morfeem, dit rig am- funksielingematies, naas die saaklingematiese morfeem -o-, soos in byvoorbeeld amor;
-t sinteem vir die derde persoon enkelvoud.
Die afwesigheid van verdere aspektiese of tydsmorfeme maak van hierdie vorm 'n teenwoordigetydslingemaat.

lief draer van die logos, dus logemaat, omdat dit die funksie van die logeem verrig maar 'n outonome lingemaat is;
het morfemaat om die logemaat funksielingematies te rig; dit kan ook kontinuïtiewe aspek uitdruk;
hy sintemaat, ook om derde persoon enkelvoud te vergestalt.

Belangrik is om te weet dat die morfeem in die sintetiese of dan sintemiese tale beide aspek en tyd binne-in dieselfde lingemaat uitdruk, wat dan ook 'n bewys daarvoor is dat aspek en tyd nie identieke verskynsels is nie. Vergelyk maar die Latynse amabat met amabit: albei het am- as logeem, die sinteem t en die funksielingematiese morfeem a, maar dan verskil die orige morfeme van mekaar: -ba- x -bi-. By nadere ondersoek sal dit baie

duidelik blyk dat die -b- in albei gevalle 'n morfeem is ter uitdrukking van aspek en wel van onvoltooide of imperfektiewe aspek, terwyl die -a- en die -i- in respektiewelik -ba-, -bi- tydsmorfeme is. -a- is naamlik 'n verledetydsmorfeem en -i- 'n futurale morfeem.

PROBLEEMSTELLING

Die ge-premorfeem het nie net in Afrikaans 'n besonder hoë gebruiksfrekwensie nie maar ook in die ouer Germaanse tale, waarvan Goties en Angel-Saksies goeie voorbeelde is. Hierdie premorfeem het veral in die funksielingemaat en die saaklingemaat veelvuldig voorgekom.

Dit word algemeen aanvaar dat die ga-, gi-, ge-premorfeem oorspronklik 'n outonome lingemaat met die logaliteit "saam met" was, dus eintlik gesamentlikheid uitgedruk het. Hierdie lingemaat is mettertyd as 'n versterkingsmorfeem gebruik, of, soos baie duidelik in die Afrikaanse saaklingemaat bewaar, as 'n spesifieke morfeem ter uitdrukking van gesamentlikheid of kollektiwiteit, net soos nog in die Gotiese gajuk, gamains, gaqumþs, garuni, garuns, gasinþja ens. gesien kan word. In Afrikaans is soortgelyke voorbeelde nog talryk, byvoorbeeld gebak, gebeente, gebergte, geboefte, geboomte, gebraad, gebroeders, gebroedsel, gespuis, gevleuelte, gewas - dus 'n gesamentlikheid of 'n versameling beendere, berge ens.

Die ge-premorfeem kom ook in ander lingemaatsoorte voor, soos byvoorbeeld in die Gotiese persoonsname soos: gaarbja, gabaurgja, gadaila, gahlaiba, galaistja, galeika, garazna, asook in die Afrikaanse hoedanigheidslingemate: gegoed, genoeg, gereed, gesog, getrou en andere.

Omdat die ge- in genoemde en ander tale so 'n hoë gebruiksfrekwensie het, veronderstel mens dat dit 'n besondere funksie moet vervul, en aangesien hierdie funksie of funksies so dikwels as aspekties en/of aktionsartig verklaar is, mét of sónder onderskeid tussen hierdie twee terme, sal hierdie ondersoek probeer om 'n mate van helderheid in hierdie verband te bring. Die saaklingematiese en die hoedanigheidslingematiese ge- premorfeme word dus buite rekening gelaat.

Ter wille van die duidelikheid is dit dus noodsaaklik dat 'n kernagtige onderskeiding tussen aspek en aktionsart hierdie studie sal voorafgaan. Dit is ook nodig om sekere terme wat in die loop van die ondersoek gebruik is, vooraf kortliks uiteen te sit[1].

---

1 Om die eenheid van hierdie verhandeling te bewaar is hierdie uiteensetting van die terminologie nie in die lopende teks opgeneem nie. Hierteenoor vorm die onderskeiding van die terme aspek en aktionsart wel 'n integrerende deel van die verhandeling, is dit as 't ware die fondament waarop die hele studie berus, en daarom is daarvan 'n aparte hoofstuk gemaak.

HOOFSTUK I

DIE ONDERSKEIDING ASPEK-AKTIONSART

Verskeie taalwetenskaplikes wat al oor hierdie kwessie geskryf het, onder wie ook H. van der Merwe Scholtz[1] in ons eie taal, maak hoegenaamd geen verskil tussen aspek en aktionsart nie. Hy betitel sy hoofstuk in die aangehaalde werk as "Aspek (Aktionsart)", asof dit identiese begrippe is, en poneer dan ook hierdie stelling: "Daar is 'n ander begrip wat veel ouer is, naamlik die begrip aspek of aktionsart".

B.A.T. Schneider[2] het hom soos volg oor hierdie saak uitgelaat:

> Unter dem Begriff Aktionsart versteht man daher in der deutschen Philologie die Art und Weise, wie eine von dem Verbum dargestellte Handlung vor sich geht. Es lassen zwei Haupt-Aktionsarten unterscheiden: (a) die imperfektive Aktionsart, und (b) die perfektive Aktionsart.

In hierdie selfde simposium stel ook H.J.J.M. van der Merwe die terme aspek en aktionsart aan mekaar gelyk. Hy onderskei naamlik transitiewe, iteratiewe, desideratiewe en kousatiewe aspek, wat eerder aktionsartige onderskeidinge is. Sonder dat hier verder daarop

---

1 Scholtz, H. van der M. Taal en taalverskynsels, p.50.

2 Schneider, B.A.T. in Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, p. 50.

ingegaan word, lewer die volgende aanhaling bewys daarvan dat hy aspek en aktionsart as sinonieme beskou: "Maak dit nou saak of ons praat van aspek of van aktionsart om daarmee 'n belangrike verskynsel in ons taal aan te dui?"

Schönfeld[1] maak egter wel 'n onderskeid: "Tegenover de aktionsarten, die reële, objektieve verschillen aanduiden, stelt men vaak de aspecten, die van subjektieve aard zijn". Hy toon dan ook frekwentatiewe, desideratiewe en inchoatiewe aktionsart aan.

Streitberg[2] praat egter weer verkeerdelik van perfektiewe en imperfektiewe aktionsart in Goties.

Otto Jespersen[3] skryf 'n aantekening oor "the a s p e c t of the verb, and in German (called) a k - t i o n s a r t , though some writers would use the two terms for different things".

N. van Wijk maak egter 'n taamlik duidelike verskil tussen hierdie twee terme. Hy trek te velde teen die "betreurenswaardige verwarring in de terminologie" en sê dan verder:

---

1 Schönfeld, M. Historische grammatica van het Nederlands, p. 145.

2 Streitberg, W. Urgermanische Grammatik, p.276 e.v.; vgl. ook verder hoofstuk IV van hierdie verhandeling.

3 Jespersen, O. The philosophy o grammer, p. 286.

4 Van Wijk, N. De nieuwe taalgids, 21: 227, 1926.

> Sommigen gebruiken aktionsart en aspect in dezelfde betekenis; dan kan het verder gebeuren, dat men een der namen prefereert.

Hy glo dat "een onderscheiding tussen de twee gewoonlijk door elkaar gebruikte termen gewenst en nodig is".

Aktionsart is vir hom dan 'n reële, objektiewe handelingswyse, terwyl aspek van 'n meer subjektiewe aard is (wat hy ook al daarmee mag bedoel).

H.A. van Swaay[1] maak hoegenaamd geen onderskeid tussen aktionsart en aspek nie. Hy gebruik, om die waarheid te sê, geen term aspek nie maar noem die verskynsel wat ons onder aspek verstaan, aktionsart, soos dit die duidelikste gesien kan word in die bewering: "De 'Zeitstufe' smolt dus ook hier samen met de 'Aktionsart'". Nou sal dit duidelik word dat aspek en tyd deurmekaar kon geraak het, maar aktionsart en tyd mag nie verwar word nie.

Ook J.A.R. Broos[2] praat van aspek en/of aktionsart, en alhoewel hy 'n interessante indeling van duur, volume en kwaliteit maak, is sy werk vir ons verder van geen nut nie, aangesien hy nie 'n aspekties-aktionsartige onderskeiding maak nie.

---

1 Van Swaay, H.A. Het prefix ga- gi- ge- en de "Aktionsart", p. 72-73.

2 Broos, J.A.R. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, C.52, 1964.

Prof. F.J. Labuschagne[1] is die eerste taalwetenskaplike wat 'n skerp en uitvoerige onderskeiding tussen aspek en aktionsart gemaak het. Omdat dit op sigself 'n uitgebreide studie is om hierdie twee gebondenhede te bepaal en omskryf, sal dit miskien vir die doel van hierdie studie goed wees om sy onderskeiding slegs in breë trekke weer te gee:

> Onder aspek verstaan ons dan die tydruimtelike gesigspunt van waaruit, of die verskillende funksiemomente waarop die gebeure en toestande, uitgedruk in en deur die funksiewoord, tydruimtelik verloop, van mekaar afgebaken word, mekaar opvolg, mekaar onderbreek t.o.v. aanvang, verloop, voltooiing, voltooidheid of nie voltooidheid nie.

Dit is dus in die eerste plek duidelik dat aspek in 'n baie noue verband met tyd of tempus staan. Wanneer 'n funksie byvoorbeeld voltooi is (perfektief genoem in die terminologie van die aspektiese onderskeiding), is dit ook terselfdertyd afgeloop, hoort dit dus tot die verlede.

Aspek sluit dus tydsaanduiding in maar slaan ook en veral op die tydruimtelike gebondenheid van die betrokke saak- of persoon-in-funksie. Enige persoon of saak fungeer ðf in die onmiddellike hede, ðf die funksie kan verbygaan, afgeloop wees, ðf die gebeure lê nog voor. Hierdie onderskeiding stem dan ook ooreen met die tydsaanduiding van teenwoordige, verlede en toekomende tyd. Maar die tradisionele grammatici is geneig om nét hierdie tydgebondenheid te beklemtoon, terwyl elke

---

1 F.J. Labuschagne. Ongepubliseerde diktaat.

persoon- of saak-in-funksie tog ook (en veral) ruimtelik gebonde is. Die meeste funksies het 'n begin- en eindpunt met 'n gestrektheid daartussen, die duur of die duurgestrektheid genoem. Hierdie funksies moet dus begin, aanhou en afloop of ophou. Die funksies waarvan die begin- en eindpunt egter saamval, word momentaan genoem en die ander duratief of duratiewe. So onderskei ons dan aktionsartig momentane en duratiewe funksielingemate. Terwyl eersgenoemde soort funksielingemaat betreklik gering in getal is (vgl. Mnl. bringhen, comen, liden, worden en Afr. gee, ontvang, vind), maak die oorgrote meerderheid funksielingemate die aktionsartig duratiewe uit, bv. eet, loop, ry en slaap.

Dit is dan hierdie aktionsartig duratiewe funksielingemate wat hulleself, afgesien daarvan of dit in die hede, verlede of toekoms is, in die tydruimtelikheid in verskillende momente van die funksie kan ontvou:

i. 'n beginpunt of moment van begin, die ingressiewe aspek genoem: ek sal nou-nou begin eet; ek het net klaargemaak om te begin eet; ek wil net begin eet;

ii. die begin van die gebeure self, die moment van die aanvang van die funksie self, die inchoatiewe aspek: ek begin nou net eet; ek begin eet;

iii. die funksie in sy duur of gestrektheid, die kontinuïtiewe aspek: ek sal eet (eintlik: ek sal besig wees om te eet);

iv. die tydruimtelike gestrektheid van die funksieverloop vanaf die reeds verbygegane moment tot op 'n moment van die momentele afloop, d.w.s. 'n afloop,

bereiking van 'n eindpunt in die teenwoordige[1]: ek sal geëet het; ek het geëet;

v. die moment van voltooidheid, die toestand van afgeslote voldaanheid, die reeds-bereiking van 'n doel, die resultaat van die funksie is nou reeds verkry, die okklusiewe aspek: ek sal klaar geëet gehad het; ek sal nie meer eet nie; ek het klaar geëet gehad.

Die verskil tussen iv en v is dat iv nog weer kan voortgaan, die doel is nog nie bereik soos by v nie.

Let terloops daarop dat die ge-premorfeem juis perfektiwiteit of voltooiing uitdruk en dat die ge- ook by die okklusiewe aspek voorkom, maar dat okklusiwiteit deur die morfemaat klaar nader omskryf en bepaal word.

Aktionsart (aard of soort aksie, funksie, handeling) moet linguisties-prinsipieel duidelik van aspek onderskei word. Wanneer mens twee funksielingemate, bv. eet en lag, van nader beskou, kan jy sê dat albei een of ander aspek uitdruk of kan uitdruk, bv.: ek eet, ek is besig om te eet; ek wou net begin eet; ek het klaar

---

1 Die perfektiewe aspek is dus 'n gestrekte proses vanaf die vroeëre funksiebegin in sy verdere verloopsgestrektheid of kontinuïteit of prosessiewe verloop tot die moment van afloop, van nie meer voortduur nie in die hede, die momentele, die teenwoordige oomblik. Mens sou dit ook so kon stel: dis die funksiegestrektheid of kontinue verloop vanaf 'n ingressiewe moment wat reeds verby geskuif het tot 'n moment waar dit nog aan die gang is en juis afloop, eindig (nie afgesluit word, nie as funksie okklusief voltooi, volvoer word nie) as funksie in die hede. Aangehaal uit prof. F.J. Labuschagne. Ongepubliseerde diktaat.

geëet; naas ek lag, ek is besig om te lag; ek het klaar gelag (vgl. ook nog die ingressiewe aspektiese vorm ek kry lus om te lag). Maar tog is daar 'n verskil in die aardlikheid, die soortlikheid van hierdie twee funksielingemate. Eet en lag is naamlik resp. "oorganklik" en "onoorganklik", of dan aktionsartig onderskeidelik relasief en absolutief.

Dieselfde, of soortgelyke, onderskeidinge kan mens ook maak tussen funksielingemate soos buk x buig, hik x hyg, knip x knyp, waarvan die tweede lid telkens die intensiewe vorm van die eerste is; knik x knikker, beef x bibber, stoot x stotter, waar die tweede vorm weer die aktionsartig frekwentatiewe vorm van die eerste is; drink x drenk, sit x set, val x vel, waar drenk, set en vel aktionsartige kousatiefvorme van drink, sit en val is.

Prof. Labuschagne onderskei vyftien sulke aktionsarte in Afrikaans: absolutiewe, relasiewe, momentane, duratiewe, statiewe, kinetiewe, inseptiewe, intensiewe, frekwentatiewe, resultatiewe, iteratiewe, kousatiewe, faktitiewe en desideratiewe. Uit die aard van die saak sal dit oorbodig wees om elkeen van hierdie aktionsarte hier volledig te probeer motiveer of enigsins te analiseer en verklaar. Hoofsaak is dat elke Afrikaanse funksielingemaat onder een en dikwels selfs meer van hierdie onderskeidinge geplaas kan word en dat elkeen van hierdie funksielingemate, behalwe in die geval van die momentane, aspektics uitgebou kan word. So kan die resultatiewe bou byvoorbeeld aspektics volledig

bepaal word:

Ingressief: Jan wil die huis (more) begin bou.

Inchoatief: Jan begin om die huis te bou; Jan het (sal) die huis begin bou.

Kontinuïtief: Jan bou die huis.

Perfektief: Jan het aan die huis gebou.

Okklusief: Jan het die huis klaar gebou.

Samevattend kan ons dus sê dat aspek baie beslis heeltemal van aktionsart onderskei kan en moet word, omdat dit twee heeltemal verskillende verskyningsvorme of gebondenhede van die funksielingemaat is.

Dit is wenslik om die aktionsartige terme wat in die loop van die volgende hoofstukke vir ons van belang sal wees, hier nader te bepaal en met enkele voorbeelde toe te lig:

Die intensiewe:

Dit is daardie "soort" funksielingemaat soos buig, hyg en knyp wat, ondanks logale en morfologiese verwantskap en ooreenkoms, aktionsartig van die verwante vorme buk, hik en knip verskil. Die verskil lê in die intensiverende funksie van die afgeleide vorme buk, hik en knip. Hulle is dan aktionsart intensiewe.

Die resultatiewe:

Wanneer mens die volgende sinne t.o.v. hulle funksielingemate teenoor mekaar stel:

Sy bak koek x Sy eet koek,

Die man bou 'n huis x Die man verf die huis,

dan is die logaal-aktionsartige verskil dadelik opvallend:

wanneer die funktor in funksie is by die eerste groep funksielingemate, nl. bak, bou, maak, bestaan die funktor koek, huis, stoel nog nie reeds nie; in die geval van eet, kap en verf is dit wel die geval. By bak, bou en maak is dit juis die wese van die funksie dat die koek, huis en stoel besig is om te ontstaan. Hierdie groep funksielingemate word dan die resultatiewe genoem, omdat hulle logaal-funksioneel op bewerkstelliging van die bepaaldelik-genoemde resultaat gerig is.

Die effektiewe:

Hulle is logaal-funksioneel, dit is aktionsartig, baie nou verwant aan die resultatiewe. Vergelyk maar byvoorbeeld: Hendrik skilder die huis x Hendrik skilder 'n portret. In die eerste geval is skilder 'n effektief maar in die tweede geval 'n resultatief. Ook afleidings soos bepeins, beskerm en bewerk is effektief (maar die be-premorfeem in bv. besmeer, beverf sal eerder 'n ander aktionsart uitdruk, aangesien smeer en verf alreeds logaal effektiewe is; hierdie be- het 'n pejoratiewe funksie, in die besonder 'n aktionsartig-intensiewe funksie). Baie ander Afrikaanse premorfeme soos bv. ge-, teen-, ver- ens. kan ook effektiwiteit uitdruk. Die premorfeem be- in bewerk rig die logeem werk dus aktionsartig op die bereiking van 'n effek maar stel nog nie die bereiktheid, die resultaat self, voor nie. Mens kan dit ook in byvoorbeeld bebou verklaar as om bouend 'n bepaalde effek te bewerkstellig.

Die verskil tussen intensiewe en resultatiewe is duidelik in die volgende voorbeelde:

Jan bou 'n huis (die huis word die resultaat);
Jan bebou sy erf (die erf is reeds daar).

Die frekwentatiewe:

By die vergelyking van dryf x dribbel, knyp x knibbel, krap x krabbel, snuif x snuffel is dit duidelik dat daar 'n logale en dus 'n aktionsartige verskil in die pare is. Die voknalwisseling van die logemate/logeme het hier waarskynlik die logaliteitswysigende funksie - dus ook 'n aktionsartige funksie - en die -el-postmorfeme (ook -er in bv. bibber, stotter) telkens die herhalingsfunksie, vgl. in hierdie verband trap x trappel x trippel.

Hierdie onderskeiding tussen aspek en aktionsart sal dan die grondslag vorm van die ondersoek na die funksie of funksies van die onderhawige premorfeem.

HOOFSTUK II

ETIMOLOGIE VAN DIE GA-,GI-,GE-PREMORFEEM

Daar bestaan vandag in 'n groot kring nog geen eensgesindheid oor die herkoms en ontwikkeling van die ge-premorfeem in die Germaanse tale nie. Die enigste sekerheid is dat dit in logaliteitsverband met Lat. co-, cum en Ind. sa, sam staan. Hierdie mening word onder andere ook deur Kern[1] gehuldig. Volgens hom is ga- net 'n ander uitspraak vir ja, Skr. ya, wat volgens Indiese leksikograwe "vereniging" logeer. Die j is nog in die Nederlandse jegens bewaar en kan ook nog in die Latynse jam teruggevind word. Kern meen dat al drie die grondvorme naas mekaar moet ontwikkel het en nie die een uit die ander nie.

Scherer[2] verklaar die ga- en com- uit Skr. sākám en neem dan aan dat "ein tönender Laut von der Gutturalis abgefallen (ist)", maar volgens Delbrück[3] "(wird) ga- zweifelnd mit Lat. com- zusammengestellt".

---

1 Kern. Ga, sa en cum, Taalkundige bijdragen I, soos aangehaal deur Van Swaay, op. cit., p.29.

2 Scherer. Zur Geschichte der deutschen Sprache, in Van Swaay, op. cit., p.30.

3 Delbrück, B. Grundriss der vergleichende Grammatik der Indogermanische Sprachen, Erster Theil, p.765.

Volgens Vercoullie[1] beantwoord die ge- aan Lat. co-, Idg. +ko-, waarvan die k in Germaans g geword het i.p.v. h.

Kluge sê in sy "Etimologisches Wörterbuch" dat verwantskap met Lat. con-, cum waarskynlik is, maar Franck[2] is onseker hierontrent.

J. Grimm[3] is ook van mening dat die ga- na verwant is aan Lat. cum, con-, "wo nicht dasselbe". Elders[4] sê hy ook: "Was die form betrifft, so entspricht goth. ga- dem streng-ahd. gam, ham". Hy wys dan ook daarop dat die ga- uit die con- kon ontwikkel het, veral betreffende die konsonante, en dat con-, gam-, gan-, ham- of han- plus epentese kon geword het.

A. Walde[5] stel Lat. com-, co- = Oud-Iers con-, com- = Gal. com-; Kymries cyf-, cyn-, cy- = Got. ga-; Ohd. ga- gi-; Ags. ge-; On. g- "(aus +kom mit Schwund des Nasals und grm. g- aus x- statt h in unbetonde Präfix)". Hy gee dan 'n aantal voorbeelde, bv.:

---

1 Vercoullie, J. Beknopt etymologisch woordenboek der Nederlandse taal, p.84.

2 Franck. Etymologisch woordenboek der Nederlandse taal, p. 177.

3 Grimm, J. Deutsche Grammatik, Zweiter Theil, p.720.

4 Grimm, J. op. cit., p.724.

5 Walde, A. Lateinisches etimologisches Wörterbuch, p.251.

Got.	gabairan	: Lat.	confero
	gabrikan	:	confringo
	gadeigan	:	confingo
	gajuka	:	con-iux
	gaman	:	commenini
	gamains	:	communis
	gateihan	:	condico
	gaþahan	:	conticeo

Walde goe ook nog die volgende vorme wat volgens hom etimologiese verband met ga- hou: Alb. ke- (=Lat. com-); Oud-Pruisies san-, com-; Lit. san-, sá-, su-; Lett. suo- "tosame"; Idg. +se-, +so-, +sem-, +som-.

Grieks su- (ook soms sy- geskryf), sun-, sun-stem direk ooreen met Skt. sa-, sam-, maar aangesien Grieks 'n Kentum- en nie 'n Satemtaal is nie, sou mens verwag dat Grieks su-, sun- ens. in plaas van die anlautende s- 'n k- sou gehad het. Dit is egter nie ongewoon dat Gr. s en k in die fonologiese sisteem wissel nie.

Uit hierdie pas genoemde onderskeiding tussen Kentum- en Satemtale kan die etimologiese verwantskap wat daar tussen bv. Skr. sa-, sam- en Lat. con-, com- bestaan, maklik verklaar word: hiervolgens kom die s-klank van die Satemtale, waarvan Sanskrit een is, in die Kentumtale, dus onder andere ook in Latyn, as 'n k-klank voor. Voorbeelde van só 'n klankverskuiwing kan in enige goeie werk oor die historiese onywikkeling van tale gevind word.

Vergelyk maar Sanskrit çatám (ç = s), Oud-Iraans satem, Litous (Balties) sintas met Idg. +k'mtó-, vgl. ook Gr. hekaton, Lat. centum, (vgl. Got. hund - h wat uit k ontwikkel).

Wanneer Johann Schmidt[1] ga- dan gelyk stel aan co(n)-, neem hy aan dat die Voorgermaanse p,t,k ook in die anlaut sporadies b,d,g kon word en stem dus daarmee saam met geleerdes soos Grimm en Schleicher maar kon ewe min die grond van hierdie verskynsel aanwys. Dit was eers Bugge[2] wat 'n aanneemlike verklaring hiervoor kon gee.

Verner het alreeds duidelik verklaar dat Germ. b,d,g in die anlaut alleen uit p,t,k kon ontwikkel. Nou het Bugge egter aangetoon dat b,d,g in die Germaanse anlaut onder bepaalde omstandighede deur middel van f,þ, x uit Voorgermaanse p,t,k kon ontstaan en dat hierdie "verskuiving" alreeds sy beslag gekry het voordat die klem in Germaans vas geraak het. Hierdie wet van Bugge berus net soos dié van Verner op die oorspronklike verplaasbare aksent, ook genoem die swewende of vrye aksent.

Bugge verklaar die ontstaan van die prenorfeem ga-, in die besonder die etimologie van die anlautende g-konsonant, op die volgende, heel aanvaarbare, wyse:

---

1 Schmidt, J. Zur Geschichte des indogermanischen Vokalismus, aangehaal deur Van Swaay, op. cit., p.30.

2 Bugge. Etymologische Studien über germanische Lautverschiebungen, in P.B.B. 12 en 13, ook deur Van Swaay aangehaal, p.30.

Dit is bekend en bewese dat Germ. f,þ,x ontstaan het uit Idg. p,t,k en wel aan die begin van meersillabige woordvorme, wanneer die eerste sillabe van 'n woord beklemtoon is, asook aan die begin van oorspronklik meersillabige woordvorme, wanneer die tweede sillabes die hoofklem gedra het:

p word f: Skt. panca, Gr. penti, Lat. penta word Germ. fimf, (Afr. vyf, Ndl. vijf);

t word þ: Skt. dan(tas), Gr. odont, Lat. dent word Germ. tunþus, vgl. ook Eng. tooth;

k word h (x): Skt. carus, Lat. carus word Got. hors;
Lat. canere word Got. hana;
Lat. pecu word Got. faihu[1].

Wanneer die klemtoon egter oorspronklik op die derde sillabe of nog verder agtertoe gelê het, was die saak nog onduidelik. Bugge stel nou die volgende reël in hierdie verband op:

> Die vorgermanischen anlautenden explosivae k,t, p giengen in der ersten periode des germanischen überall in h (d.h. x),þ,f über. Allein wo der hauptton (acut oder circumflex) bei der freien betonung auf der dritten silbe oder weiter nach vorn (d.h. dem wortende näher) lag, wurden die anlautenden h (d.h. x),þ,f, in der zweiten periode des germanischen weiter zu den stimmhaften spiranten g,d,b verschoben. Die stimmhaften spiranten g,d,b giengen später meistens in die explosivlaute g,d,b über.

---

1 Vir nog meer voorbeelde kyk C.P.F. Lecoutere se Inleiding tot de taalkunde en tot de geschiedenis van het Nederlands, bewerk deur L. Grootaers, p.280-285.

Deur hierdie reël toe te pas en moontlike analogiewerking in ag te neem vind Bugge nou etimologiese verwantskap tussen onder andere Got. gabei en Lat, copia; Mhd. bet-, Mnl. bed- en Gr. peta, ens. Deur hierdie bevindinge het Bugge dit moontlik gemaak om die verskillende premorfeme wat met b,d,g begin, bv. ga-, du-, bed-, uit Indogermaanse vorme met p,t,k te verklaar. Verder kan aangeneem word dat dit vervolgens deur assosiasie hulle gebied uitgebrei het. Hierdie ontdekking is natuurlik hoogs belangrik vir die etimologie van die ge-premorfeem. Dit is dan ook opmerklik dat in 'n groot aantal Germaanse funksielingemate wat met ga- saamgestel is, die aksent oorspronklik op die derde sillabe geval het, bv. die Gotiese gaman uit Voorgerm. +komemóne, +kommemóne, asook in die postmorfeniese funksielingemaatstelsel se praesensvorme, bv. gabrannáiþ gahabáiþ ens. By almal moet die g dus klankwetlik ontstaan het. Die g-vorm wat aanvanklik naas die x-vorm moet gestaan het, het laasgenoemde dus waarskynlik heeltemal verdryf, alhoewel dit opmerklik is dat dit later weer stemloos geword het, soos duidelik in die Afrikaanse ge- gesien kan word.

Dit blyk dus duidelik dat die verwantskap tussen Germ. en Lat. t.o.v. die ga- en die co- (con-, com-) baie sterk is. Dit word gestaaf deur die volkome ooreenstemming van logaliteit in sowel die funksie- as die saklingemaat:

Got. gamains	Lat. communis	Afr. gemeenskap
Ohd. gifatero	Lat. compater	Afr. gevaders

Ags. gemeder	Lat. commater	
Os. gibrodar	Lat. confrater	Afr. gebroeders

Die funksielingemaat[1]:

Got. gabairan	Lat. confero	Afr. saamdra (Mnl. ghedraghen)
Ohd. gihaltan	Lat. conservare	
Ags. gefegan	Lat. conjungere	Afr. saamvoeg (Mnl. ghevoeghen)
Os. girinnan	Lat. coire	Afr. saamgaan
Ondfr. gefestan	Lat. confirmare	Afr. bevestig

---

1 Sommige Latynse woordeboeke gee nie die infinitiefvorme nie maar die eerste persoon enkelvoud, praesens, soos by byvoorbeeld confero, wat dan hier, en ook elders, net so oorgeneem is.

HOOFSTUK III

DIE VOORKOMS EN FUNKSIE VAN DIE PREMORFEEM IN GRIEKS EN LATYN

Dit sou goed wees indien mens die funksie van die Skt. sam- in hierdie verband kon nagaan, veral aangesien die etimologiese verwantskap hiervan met ga-, sun-, con- taamlik in-die-oog-lopend is, maar ongelukkig is die lettertipe waarin hierdie taal gedruk is, nie vir die oningewyde toeganklik nie.

Wat Grieks en Latyn betref, het die premorfeem 'n hoë gebruiksfrekwensie en kan mens in veral die saaklingemaat maar darem ook nog in die funksielingemaat nie net in die voorkoms nie maar ook die funksie daarvan redelik noukeurig opspoor.

Latyn:

In die Latynse saaklingemaat druk die co-, con- of com- baie duidelik gesamentlikheid uit, soos die logaliteit van cum "saam met" ook aantoon. Opmerklik is die reeds aangetoonde vorm- en logaliteitsooreenkoms tussen Latyn aan die een kant en Goties, Angel-Saksies, Oud-Hoogduits en Oud-Saksies aan die ander kant:

Die saaklingemaat:

Got. gamains	Lat. communis	Afr. gemeenskap
Got. garazna	Lat. confinis	Afr. aangrensend
Got. gasinþja	Lat. confiator	Afr. gesel
Ohd. gifatero	Lat. compater	Afr. gevaders

Ohd. gihel	Lat. consonus	Afr. saamklank (harmonie)
Ohd. gihlozzo	Lat. consors	Afr. gemeenskap-likheid
Ags. gemeder	Lat. commater	
Ags. gedryhta	Lat. commilito	Afr. mede-gewapende
Ags. gebedde	Lat. conjunx	Afr. eggenoot
Os. gibrodar	Lat. confrater	Afr. gebroeders
Os. gisedlio	Lat. consessor	Afr. medesittende
Ondfr. gilendo	Lat. compatriota	Afr. landgenoot

Die funksielingemaat:

Got. gaman	Lat. commemini	Afr. herinner
Got. gaqiman	Lat. convenio	Afr. saamkom
Got. gabairan	Lat. confero	Afr. saamdra (lett.)
Ohd. gihaltan	Lat. conservare	Afr. bewaar
Ohd. gihellan	Lat. consonare	Afr. saamklink
Ohd. girinnan	Lat. coagulari	Afr. saambeweeg
Ags. geflitan	Lat. contendere	Afr. werptuie gooi
Ags. gefegan	Lat. conjungere	Afr. saamvoeg
Ags. gebannan	Lat. convocare	Afr. saamroep
Os. girinnan	Lat. coire	Afr. saamdrom
Os. gibergan	Lat. conservare	Afr. bewaar
Os. gieggian	Lat. complanare	Afr. gelyk maak
Ondfr. gewaltan	Lat. concolvere	Afr. voortrol
Ondfr. gefestan	Lat. confirmare	Afr. bevestig
Ondfr. gefuogan	Lat. conjungere	Afr. saamvoeg[1].

---

1 Hierdie voorbeelde is meestal by van Swaay, pp. 34-40, oorgeneem.

Bogenoemde voorbeelde gee enige ondersoeker voldoende aanleiding om te beweer dat ga- in èn saaklingemaat èn funksielingemaat beslis die logaliteit "saam, saam met, gesamentlikheid" gehad het of, so nie, op die minste versamelende funksie gehad het.

As mens die Latynse samegestelde funksielingemate in bogenoemde tabel met die ooreenstemmende simpleks vorme vergelyk:

commemini	x memini	(herinner, bedink)
convenio	x venio	(ek kom, nader)
confero	x fero	(ek dra)
conservare	x servare	(bewaar, bewaak)
consonare	x sonare	(klink)
coagulari	x agulari	(beweeg, in beweging bring)
conjungere	x jungere	(saamvoeg)
convocare	x vocare	(roep)
coire	x ire	(gaan), ens.,

dan kan jy nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat die con-premorfeem nie slegs die logaliteit van "saam (met)" dra nie maar dat dit in minstens drie van bogenoemde samestellings 'n intensiverende funksie het. Hierdie funksie is dus om die simplekse memini (bedink), servo (ek bewaak) en jungo (ek voeg saam), wat alreeds 'n aktionsartig-effektiewe logaliteit dra, bepaaldelik intensief te rig. Veral jungo logeer tog alreeds "ek voeg, bind saam", sodat conjungo slegs "ek

voeg/bind behoorlik, intens saam" kan logeer. Die aktionsartig-effektiewe logaliteit van memini en servo word baie goed bewaar in die Afrikaanse vertalings daarvan: be-dink, be-waak. En die funksie van die premorfeem co- (con-, com-) is nie wesenlik anders as die funksie van die Afrikaanse be- nie. Die Latynse postmorfeem -sc- het 'n soortgelyke funksie: vgl. maar albeo (ek is wit) x albesco (ek word wit); seneo (ek is oud) x senesco (ek word oud). Hierdie twee pare funksielingemate verskil logaal en dus ook aktionsartig van mekaar in dieselfde mate as wat albeo van die kousatief-aktionsartige alb-ic-o verskil, wat "ek maak wit" logeer. Verskillende morfeme kan dus verskillende aktionsartige funksies hê. Die verwagting is dan dat dit presies ook die geval met die ge-, con- en aanverwante premorfeme sal wees.

Die premorfeem con- bring in die voorbeelde hierbo genoem en meer in die besonder in bv. confero of conjungo nie net 'n logaliteitsverskil teweeg nie maar as 'n konsekwensie van hierdie logaliteitsverskil ook 'n aktionsartige verskil. Om die waarheid te sê, die wesentlikheid, die aardlikheid van die logaliteit van 'n funksielingemaat is juis die aktionsart daarvan.

Sommige van bogenoemde Latynse lingemate kan met saam- vertaal word, veral die funksielingemaat en die meeste van die saaklingemate met ge- (vgl. maar die vorige hoofstuk). Dit het dus 'n besliste kollek-

tiwiteitslogaliteit, en gepaard gaande met die logaliteitsverandering wat deur die premorfeem bewerkstellig is, tree dus ook 'n aktionsartige verandering in. Dit is naamlik opvallend dat vorme soos confirmare, commemini en conservare met Afrikaans bewaar, bevestig en herinner vertaal kan word, dus óók met premorfeme. Hierdie Afrikaanse premorfeme, her-, be-, druk egter nie bloot gesamentlikheid in die afgeleide vorme uit nie maar het ook 'n spesifiek-aktionsartige funksie. Die her- het naamlik 'n iteratiewe en die be- in beide gevalle 'n effektiewe funksie. Mens kan dus tot die gevolgtrekking kom dat con- in Latyn bepaalde aktionsartige funksies het, wat natuurlik in elke besondere geval vasgestel sal moet word. En gesien in die lig van die sterk etimologiese verwantskap tussen Lat. con- en Germ. ga-, gi-, ge- sal mens in Germaans 'n soortgelyke funksie verwag.

Grieks:

In Grieks tref mens presies dieselfde toestand aan, al is dit dan in beperkte mate. Vir die Gotiese datiewe meervoudsvorm gaqumþim (vgl. Matth. VI, 2) is die ooreenstemmende vorm συναγωγαῖς. Van hierdie lingemaat is -αγω- die logeem en συν- die premorfeem. Die -γ- ná die logeem is waarskynlik 'n morfeem wat van die funksielingemaat 'n saaklingemaat maak, met dan die naamvalsinteme daarna. Die Gr. logeem ἀγω- stem ooreen met Lat. ago wat logeer: "ek

bring in beweging". Logaal stem dit ook ooreen met die Gotiese logeem -qum- in gaqumþim "kom, beweeg". Die premorfeem sun- (gerieflikheidshalwe hierna so geskryf) stem weer etimologies en fonologies ooreen met Skt. sam-, Lat. con- en Got. ga-. sun- logeer dan ook net soos by die bogenoemde premorfeme "saam met, bymekaar". sunago- is dus 'n funksielingemaat wat "saam, na mekaar toe beweeg" logeer. Maar benewens hierdie logaliteitsverandering wat sun- t.o.v. ago teweeggebring het, het dit ook die aktionsartigheid daarvan verander. sunago logeer dus ongeveer "om die beweeg van verskillende persone te bewerk tot saam". Dit het dus terselfdertyd ook 'n aktionsartig-effektiewe funksie. As mens in ag neem dat ἀγωρά alreeds "saamkoms van mense" logeer, dan sal die premorfeem in 'n vorm soos συναγω ook "om sáám te kom, om dig bymekaar te kom, te drom" kon logeer, in welke geval die premorfeem dus 'n intensiverende funksie het.

Die logaliteit "saam met" is ook nog duidelik in 'n funksielingemaat soos συν-κτείνειν bewaar, dus "om saam met ander mense dood te maak", dus eweneens effektief-aktionsartig, net soos sunago.

Got. galisan is volkome verwant aan bv. Gr. συναγείρω resp. logerend "om saam te lees, uit te soek; om saam te bring, te versamel"; vgl. ook Eng. "collect". Hierin het sun-, ga- en Eng. co(l)- weer 'n ooreenstemmende effektiewe funksie, nl. "om die soek tot een versameling te bewerkstellig".

'n Vollediger oorsig van die ooreenstemming tussen Grieks en Latyn (resp. sun- en con-) kry mens deur die volgende te vergelyk, afgesien van die besondere aktionsartige funksie van die premorfeem in elke betrokke geval[1], d.w.s. waar dit nie 'n saaklingemaat betref nie. Engels word hier in die plek van Latyn gebruik, omdat die betrokke vorme tog van Latynse oorsprong is en omdat die logaliteit van die Engelse vorme soveel duideliker verstaan kan word:

συνάγωγεύς	collecter
συναγωνίζομαι	to take part in a contest (kompeteer)
συναγωνιστής	a fellow combatant
συναιρέω	to compass, comprise, comprehend
συνάλιζω	collect
συνάλλαγμα	covenant, contract
συναναγκάζω	to compel or constrain at the same time
συνδείπνος	a companion at table, Lat. conviva.

So is daar nog 'n magdom ander Griekse lingemate waarin sun- (of sy variante) "saam met, mede" logeer. Vergelyk maar:

συναίτιος	om saam skuldig te wees
συναιχμάζω	om saam te veg
συναιχμάλωτος	om 'n mede-gevangene te wees

---

1 Een en dieselfde premorfeem hoef nie altyd dieselfde aktionsartige funksie te hê nie; dit kan dus meerduidig wees.

συναβοάω	om saam uit te skreeu
συναγω	om saam te gaan see toe
συναναμίγνυμι	om tegelykertyd saam met ander mense te meng
συναναπέμπω	om saam op te stuur
συναναρρίπτέω	om saam op te werp

As mens nou hierdie saamgestelde Griekse vorme met die ooreenstemmende simplekse vergelyk, dus sonder <u>sun</u>-, dan logeer hulle resp. telkens dieselfde as die komposita dog sonder die "saam met"-logaliteit:

αιτιος	om skuldig te wees
αιχμ-άλωτος	om (met 'n spies) te veg
αιχμ-άλ	om in die oorlog (met behulp van 'n spies) gevange geneem te word
ἀνα-βοαω	om hard te skreeu
αναγω	om see toe te gaan
αναμίγνυμι	om saam te meng (Eng. to mix up together)
αναπεμπω	om op te stuur
αναρριπτεω	om op te werp

In minstens <u>αναμιγνυμι</u> is dit opmerklik dat hierdie simpleksvorm alreeds "saam" logeer. <u>συναναμιγνυμι</u> sal dan eintlik logeer "om saam te meng". Of die <u>sun</u>- is dan buitendien soos in al die ander gevalle analogies of na die gewoonte aangewend, sodat daar eintlik 'n toutologiese vorm ontstaan het, òf die simpleks se oorspronklike logaliteit het verswak, en <u>sun</u>- is as intensiverende premorfeem aange-

wend ter versterking of ter herstelling van daardie oorspronklike logaliteit.

Wat Latyn betref, is alreeds beweer dat die simpleks en die kompositum logaal en dus ook aktionsartig van mekaar verskil. Hiermee word bedoel dat fero en confero twee verskillende logaliteite dra en dus ook twee aktionsartig verskillende funksielingemate is. Om te dra en om saam te dra (om die dra te bewerkstellig tot saam) is tog nie meer dieselfde funksie of dieselfde soort funksie nie.

Presies dieselfde geld vir Grieks. As een mens hard skreeu en 'n klomp mense kom dan bymekaar en skreeu dan hard (om dus saam skreeuend iets te bewerkstellig); as een mens veg en 'n klomp mense veg saam, is dit dan nog dieselfde funksie? Behalwe om aan hierdie komposita 'n effektiewe funksie toe te ken druk dit beide logaal en aktionsartig 'n veel wyer logos uit as die simplekse. Mens voel geneig om dit 'n kollektiwiteitsfunksie te noem en daarby nie bloot bedoelende logaal-kollektief nie maar ook aktionsartig-kollektief. Watter soort aktionsartigheid dié premorfeem dus ook al in watter geval ook al mag hê, die kollektiewe aktionsart oorkoepel dit alles. Die saaklingemate berg en gebergte is nie meer dieselfde lingemaat of dieselfde soort lingemaat nie - hulle is van verskillende omvang en soort. Net so moet mens ook by die funksielingemaat 'n onderskeid maak. 'n Goeie voorbeeld

hiervan is miskien Afr. spreek x saamspreek ("samesprekings hou"). Spreek is 'n indiwiduele funksie, aktionsartig bloot duratief; saamspreek is 'n gemeenskaplike funksie, aktionsartig effektief, dus "om die spreek van verskillende persone te bewerkstellig tot saam, om sprekend die totstandkoming van 'n bepaalde effek te bereik".

Samevattend wil dit dan t.o.v. Grieks en Latyn lyk asof die simpleks- en die kompositumvorme nie alleen iets verskillends logeer nie maar ook van aktionsartig verskillende aard is - skynbaar altyd om gesamentlikheid maar ook oorspronklik waarskynlik om aktionsartig effektiwiteit uit te druk, behalwe in toutologiese vorme. In die meeste van die reeds aangehaalde Latynse voorbeelde commemini, convenire, confere, conservare, consonare, coagulari, contendere, conjungere, convocare, coire, confirmare en ander kan mens insien dat dié komposita aktionsartig meerdimensioneel is, meer dimensioneel as elkeen van hulle ooreenstemmende simplekse vorme, wat as't ware eendimensioneel, eenvlakkig is. Hierdie komposita druk naamlik meestal effektiwiteit uit, wat baie na aan resultatiwiteit lê, maar in die geval van die effektiewe ontstaan daar nooit 'n resultaat uit die funksie soos wat dit by die resultatiewe wel die geval is nie. Verder is dit opmerklik dat mens hierdie komposita meermale met 'n Afrikaanse be-vorm kan vertaal.

Dit is logies en te verwagte dat hierdie funksie van die Lat. con- of Gr. sun- oorspronklik dalk konsekwent effektiwiteit kon uitgedruk het maar dat hierdie funksie met verloop van tyd kon verswak of verdof het.

Daarom moet mens nie in Ou-Germaans, bv. Goties, dieselfde reëlmatigheid as in Grieks en Latyn verwag nie. Dit is wel logies dat daar nog meermale funksielingemate teëgekom kan word waarin die funksie van die premorfeem ooreenkom met dié van Grieks en Latyn, maar daarby moet mens moontlike funksieverandering steeds in gedagte hou.

HOOFSTUK IV

VOORKOMS EN FUNKSIE VAN DIE PREMORFEEM IN OU-GERMAANS

Soos alreeds in hoofstuk III aangetoon bestaan daar 'n etimologiese verband tussen die Latynse con- en die Griekse sun- aan die een kant en die Germaanse ga- (Got. ga-, Ohd. gi-, Ags. ge-, Mnl. ghe-, Ndl. en Afr. ge-) aan die ander kant. Daarby het Engels natuurlik die con- uit Latyn oorgeneem en bewaar, terwyl dit die Germaanse ge-premorfeem geheel en al verloor het - mens kan sê verloor, omdat dit wel nog in Oud-Engels voorkom en daar nog dieselfde funksie het as in byvoorbeeld Goties. Voorlopig kan mens sê dat die funksie van die con- in Engels aktionsartig is, omdat dit glad nie aan aspek en dus ook nie aan tyd uitdrukking gee nie. By ál die ander genoemde Germaanse tale bestaan daar 'n baie nou verwantskap en daarom ook dikwels 'n verwarring tussen dié premorfeem ter vergestalting van aktionsart, aspek en tyd, omdat een en dieselfde premorfeem hiermee gemoeid is. con-,die etimologiese ekwivalent van ga-, ge-, druk in Engels slégs aktionsart uit. Aspek en tyd word dus in Engels op 'n heeltemal ander manier uitgedruk. Ook in Grieks en Latyn druk dié onderskeie premorfeme glad nie aspek òf tyd uit nie, maar word dit, soos reeds van Latyn amabit en amabat aangetoon

is, op 'n heeltemal ander manier gedoen.

In Grieks, Latyn en Engels het die premorfeem dus 'n nuwe en vaste eenheid met die simplekse funksielingemaat gevorm. En dit kan alleen vir die aktionsart van 'n funksielingemaat geld, omdat die aktionsart van 'n funksielingemaat 'n min af meer vaste logaliteit gevorm het, teenoor die meer onstabiele, van moment tot moment verskillende en wisselende aspek daarvan. Dit is dus 'n bewys vir die vroeëre bewering dat aktionsart en aspek nie dieselfde verskynsel is of kan wees nie.

Hierdie vergestalting van aktionsart deur die ga-premorfeem in die Germaanse tale word duidelik wanneer dit met die reeds aangetoonde Latynse en Griekse premorfeme vergelyk word:

Afr.	Eng.	Got.	Lat.	Gr.
gesels	converse		colloquo	συνομιλεῖν
gedra	conform		conformo	συναρμόζειν
gedenk	commemorate		commemoro	
gebruik	consume		consumo	συνωπτοῦν
gebied	command			
	collect	gabairan	confero	συγκάλειν
	connect		conjungo	συναπτειν
	recollect	gaman	commemini	συλλέγειν
	compare	galeikon	comparo	συμβάλλειν
	condemn	gadomjan	condemno	
	collect	gagaggan	colligo	συλλέγειν

to make common	ga-gamain-jan		συναλλαπτειν
conceal	gahuljan		συγκρύπτειν
consider	gakunnan	considero	συννοειν
conceive	ganiman	concipio	συνιέναι

Vergelyk ook nog:

Got.	Duits	Gr.
ga-ga-tilon	zusammen-fügen	συγκομολογει
gakroton	zerbrechen	συνθλαν
gamalwjan	zermalmen	συντετριμμεν

In die bogenoemde voorbeelde is die ooreenkoms in minstens die vorme volkome. In die meeste gevalle logeer die komposita "saam met" of "together", alhoewel hierdie logaliteit soms verdof het. Uit hoofde van dié voorbeelde kan mens (voorlopig) konstateer dat die Gotiese ga- en die Afrikaanse ge- op een vlak staan met die Romaanse premorfeem, nie net wat die vorm betref nie maar ook betreffende hulle funksie. Dit wil natuurlik sê dat die ga- (en die ge- soos dit in hierdie paar bogenoemde voorbeelde in Afrikaans voorkom) aktionsartige en nie aspektiese funksie het nie.

In voorbeelde soos gakroton "zerbrechen, stukkend breek" het die ga- besliste intensiewe funksie; in ga-ga-tilon, veral gedagtig aan die skryfwyse, wat min of meer "behoorlik aan mekaar voeg" logeer (en gevolglik met Lat. conjungere verwant is), moet die

ga- eweneens intensiverende funksie hê; dieselfde geld vir gamalwjan. Die Gotiese ga-premorfeem logeer dus nie altyd meer so duidelik gesamentlikheid nie, maar dan het dit tog nog gewoonlik aktionsartig-intensiverende funksie.

Soos alreeds duidelik gestel is, is dit egter moontlik dat daar funksieverandering in die jonger (as die Romaanse) taal, Goties, betreffende die funksies van ga- kon ingetree het. Al is dit dus taamlik duidelik dat die Latynse/Griekse premorfeem nié aspek en ook nié tyd uitgedruk het nie, gee dit ons nog nie ten volle aanleiding daartoe om te beweer of te verwag dat dit ook vir byvoorbeeld Goties hoef te geld nie. En hoe jonger die taal, hoe minder kan ons so iets van daardie taal aanneem.

Daarom moet mens die toestand in Ou-Germaans, wat natuurlik vir Afrikaans van bepalende belang is, van naderby beskou.

In die verskillende lingemaatkategorieë van die ouer Germaanse tale, onder andere Goties, Oud-Hoogduits, Angel-Saksies, Oud-Saksies, Oud-Nederfrankies, Oud-Fries en Oud-Noors, is die gebruiksfrekwensie van die ga-, gi-, ge-, g- nog taamlik hoog en is dit nie moeilik om voorbeelde op te spoor nie. Hieronder volg 'n aantal voorbeelde van persoonsname, versamelname en funksielingemate met hierdie premorfeem[1]:

---

1 Aangehaal deur van Swaay, op. cit., p. 35-37

1. Goties:

a. Persoonsname:

gahlaibja	gadailja
gajuka	gaarbja
gabaurgja	galeika

b. kollektiva:

gaskohi	garuni
gajuk	gabaur
gawaurdi	gawaurki

c. funksielingemate:

gahaitan (saamroep)	galisan (uitsoek)
garinnan (x <u>garuni</u>)	galapon
gaqiþan (saampraat)	gagaggan
gaqiman (saamkom)	

2. <u>Oud-Hoogduits</u>:

a.	gifatero	gisello
	gisindo	giteilo
	giferto	gistello
	gimahalo	gibur
b.	gibeini	gisindi
	gibirgi	gisteini
	gifugeli	
c.	girinnan	gifriosan
	gihaltan	gibintan
	gilesan	giheftan

gihellan

3. <u>Angel-Saksies</u>:

a.	gefader	gemeder
	gebroðor	gesweostor
	gebur	gefera
	genefa	
	gewrit	getimbre
	getyme	gefylce
	gemen	gefilde
	gewyrde	
	gebannan	gebindan
	gefegan	gehaeftan
	geheawan	gebrucan

4. <u>Oud-Saksies</u>:

a.	gibroðar	giewester
	gibeddeo	gisiđ
	gibur	ginot
	gisellio	
b.	gibirgi	giruni
	giskohi	giwirki
	giscrif	gibund
c.	gibindan	gihaldan
	gilesan	giriman
	gewritan	girinnan
	gitimbrian	

5. Oud-Nederfrankies:

a.	gelendo	
b.	gewidere	gewepene
	gewede	getelt
c.	gefestan	gefuogan
	getimbran	gewaltan

6. Oud-Fries:

Al het die vorm en logaliteit verswak en gedeeltelik verlore gegaan, het die taal nog nomina soos die volgende bewaar:

gilik gewed gemene

7. Oud-Noors:

Ten gevolge van sinkopering van die premorfemiese vokaal het die premorfeem ŏf heeltemal weggeval òf met die logeem saamgesmelt:

granne x rann,	vgl. Got.	garazna x razn
glikr x likr	vgl. Got.	galeiks x leik
gaukr x ----	vgl. Got.	gajuka

In hierdie voorbeelde druk die premorfeem byna deurgaans gesamentlikheid, vereniging uit. Dit is dus duidelik dat ga-, gi- en ge- oorspronklik gesamentlikheid vergestalt het, ook in die funksielingemaat waarom dit eintlik in hierdie studie gaan. Daar-

om kan mens met veiligheid die later ontwikkelde funksies van dié premorfeem hieruit verklaar.

Omdat dit vir die omvang van hierdie ondersoek onnodig is en ook te uitgebreid sal raak, sal daar slegs aan Goties en in 'n geringe mate ook aan Angel-Saksies nadere aandag geskenk word.

Die Gotiese ga-premorfeem:

Oor die ga-premorfeem soos dit in Goties voorkom, is al baie geskryf. Dat dit die geval is, is natuurlik verstaanbaar, omdat dit nie net in die saaklingemaat as woordboulike morfeem aangetref word nie maar veral in die funksielingemaat 'n heel besondere frekwensie toon. Die ga- kom naamlik in Goties volgens Philip Scherer[1] in een uit elke vyf samegestelde funksielingemate voor, teenoor die ȝs- wat maar in een uit elke sewe gevalle optree. Daarom is dit byna vanselfsprekend dat hierdie funksielingematiese premorfeem 'n besondere funksie in die Gotiese taal moet gehad het.

Benewens Scherer het ook ander navorsers al getrag om hierdie funksie te probeer vasstel en verklaar, alhoewel literatuur oor dié onderwerp oor die algemeen redelik skaars is. Wilhelm Streitberg was die

---

1 Scherer, P. The theory of the function of the Gothic preverb ga-, in Word, 20(2): 222-245, 1964.

eerste wat dit in sy klassieke teorie omskryf het[2], en ook die Russe Juri C. Maslow en M.M. Makovskij[3], het soortgelyke pogings aangewend. Maurice Marache het 'n belangrike uitspraak in dié verband laat verskyn[4].

Wilhelm Streitberg[1] was die eerste taalwetenskaplike wat enigsins 'n volledige uitspraak oor die ga-premorfeem in Germaans, in hierdie geval Goties, gegee het. Dit sal egter onnodig wees om sy hele teorie hier selfs naastenby volledig te probeer uiteensit, daarom hier slegs opsommenderwys daaroor.

Steitberg onderskei eerstens verskillende aktionsarte, maar dit is nie heeltemal duidelik of hy hieronder werklik aktionsart verstaan of bedoel nie en of hy dit ook maar vermeng met aspek, soos baie navorsers na hom ook maar gedoen het. Hy noem naam-

---

2 Streitberg, W. Perfektive und imperfektive aktionsart im Germanischen, "Paul und Braune's Beiträge XV, pp. 70 e.v., opgeneem deur Delbrück, B. Vergleichende Syntax, p. 152; ook opgeneem deur Scherer, en Marache.

3 Makovskij,M.M. en Maslov, J.C. se uitsprake is slegs in Russies verkrygbaar; sien egter Scherer, op. cit, se bespreking daarvan.

4. Marache, M. Die gotischen verbalen ga-Komposita im Lichte einer neuen Kategorie der Aktionsart. Zeitschrift für deutsches Altertum und deutsche Literatur, 90: 1-35, 1960-1961

1 Streitberg, W. Urgermanische Grammatik: Einführung in das vergleichende Studium der altgermanische Dialekte, p. 276 e.v.

lik eerstens die inchoatiewe aktionsart, wat "den ganz allmählichen Übergang von einem Zustand in den anderen aus(-drückt")[1]. Hieronder noem hy dan as voorbeelde die Latynse albesco uit albeo en senesco (resp. logerend "ek word wit/oud"); die Got. fullnan ("vol word") mikilnan ("groot word") en Oud-Ysl. vakna ("wakker word"), sofna ("aan die slaap raak") en losna ("los word"). Aangesien prof. Labuschagne die term inchoatief egter by aspek gebruik, noem hy bogenoemde aktionsartige funksielingemate inseptiewe. Verder onderskei Streitberg ook nog iteratiewe aktionsart, "die eine regelmässige Wiederholung einer.... Handlung ausdrückt"[1]. Dat hy hier weliswaar met aktionsart te make het, kan seker in die lig van die vorige hoofstukke nie betwis word nie. Dat die logaliteitsverskil tussen steigen en ersteigen saamhang met 'n aktionsartige verskil, is eweneens waar maar dat Streitberg dié verskil as respektiewelik duratief-, perfektiefaktionsartig tipeer, is moeiliker verstaanbaar.
Op dieselfde vlak stel hy Got. hausjan x ga-hausjan ("hoor" x "luister") en saihwan ("sien") x gasaihwan ("bemerk"). Dat daar 'n aktionsartige verskil tussen hierdie pare moet bestaan, is duidelik. Die ga-vorm is naamlik telkens 'n intensief van die simpleks.
Wanneer Streitberg die komposita as perfektief-aktionsartig bestempel, bedoel hy onder perfektiewe waarskynlik wel 'n aktionsart-onderskeidende term, want:

sie fügt dem materiellen Bedeutungsinhalt des

> Verbums noch den Nebenbegriff des Vollendetwerdens hinzu. Die Handlung wird also nicht wie beim Durativ schlechthin in ihrem Fortgang, in ihrer Kontinuität bezeichnet, sondern stets im Hinblick auf den Moment ihrer Vollendung.

Bloot die feit dat Streitberg van 'n logaliteitsverandering praat, bevestig die stelling dat mens hier met 'n aktionsartige verandering ook ten opsigte van die simpleks te make het. Die gebruik van terme soos duratief en perfektief vertroebel die hele saak egter effens. Beide hausjan en gahausjan is tog duratiewe of dan liewer kontinuïtiewe funksies.

Streitberg se teorie ly dus blykbaar gebrek juis omdat hy nie 'n onderskeid maak tussen aktionsart en aspek nie. So 'n onderskeiding word op sy duidelikste wanneer mens in ag neem dat twee andersins morfologies identiese funksielingemate soos hausjan x gahausjan in Goties, sing x besing in Afrikaans, die Latynse albeo x albesco en Gr. ago x sunago logaal van mekaar verskil. En logaliteitsverskille speel glad geen rol by die vasstelling van aspek nie. Dit is dus 'n wesenskenmerk van twee morfologies verwante lingemate soos in bogenoemde voorbeelde dat hulle aktionsartig kan verskil slegs omdat hulle logaal verskil, in hierdie geval as gevolg van (pre-) morfemering. Daarom kan mens in sulke pare soos sing x besing, dink x bedink of hoor x verhoor wat aktionsartig van mekaar verskil, tog nog presies dieselfde aspekte uitdruk:

Ek wil dié probleem nog bedink x Ek het die probleem klaar bedink.

Die duidelikste bewys vir hierdie bewering vind mens in die Gotiese vorme:

	hausjan	hausida	hausidedun	hausjands
x	gahausjan	gahausida	gahausidedun	gahausjands

of in die Angel-Saksiese:

	bidan	bat	bidon	biden
x	gebiden	gebat	gebidon	gebiden

Die respektiewelike simpleks en kompositum verskil wel logaal van mekaar (bidan = om te wag, gebidan = om te verwag), dus ook aktionsartig, maar hausjands druk byvoorbeeld presies dieselfde aspek uit as ga-hausjands, en bat presies dieselfde as gebat.

Dat die ga- in Gotiese aktionsartige funksie moet gehad het kragtens die logaliteitsverskil wat dit in 'n funksielingemaat teweegbring, word nog duideliker wanneer mens in ag neem dat ga- oorspronklik 'n outonome lingemaat met 'n eie logaliteit was. Dit is daarom logies om aan te neem dat 'n lingemaat wat as morfeem in 'n kompositum gebruik word, minstens aanvanklik 'n logaliteitsverskil in daardie samestelling teweeg sal bring. Streitberg spreek hom dan ook hieroor uit:

> Da sich die Bedeutung eines jeden Verbalkompositums aus drei Faktoren zusammensetzt, nämlich aus dem materiellen Bedeutungsinhalt des Simplex, dem materiellen Bedeutungsinhalt der Präposition und der durch die Zusammensetzung verursachten Modifikation der Aktionsart, so leuchtet ein, dass, abgesehn von dem Unterscheid der Aktionsart, das Kompositum dem Simplex gegenüber einen Bedeutungszuwachs durch die materielle Bedeutung der Präposition erfährt. Führt die Präposition keine selbständige Existenz mehr, so kann ihre materielle Bedeutung in dem Masse verblassen, dass bei der Zusammensetzung die Änderung der Aktionsart das einzige Ergebnis der Verbindung ist; die Präposition ist alsdann zu einem formalen Mittel zum Ausdruck der Aktionsart geworden. Im Germanischen ist das in erster Linie bei ga- der Fall.[1]

Dit wil dus weliswaar voorkom asof Streitberg die funksie van die ga-premorfeem as 'n aktionsartige beskou, dit wil sê wat ons onder aktionsart verstaan, maar elders ruim hy hierdie onsekerheid uit die weg deur dit byna gelyk te stel met die sogenaamde Zeitstufe, wat, soos reeds aangedui, wel met aspek gelykgestel word, kan word of verwar kan word maar sekerlik nie met Aktionsart nie:

> Das indogermanische Verbalsystem kannte von Haus aus keine formalen Kategorie, die dazu bestimmt gewesen wären, die Zeitstufen (Vergangenheit, Gegenwart und Zukunft) auszudrücken. Denn das, was wir Tempora zu nennen gewohnt sind, diente ursprünglich keineswegs zur Unterscheidung

---

1 Streitberg, W. op.cit., p.279.

der Zeitstufen, sondern vielmehr zur Characterisierung der Aktionsarten, d.h. der Art und Weise, wie die Handlung vor sich ging.[1]

Al gebruik Streitberg dus die term aktionsart, wit dit tog voorkom asof hy in sommige gevalle eerder aspek bedoel het. Afgesien van hierdie onheldere gebruik van die terme aspek en aktionsart het Streitberg tog die kern van die probleem aangeraak. Navorsers wat na Streitberg die probleem verder nagevors het, soos ook P. Scherer, het in elk geval geen onderskeid gemaak tussen hierdie twee terme nie, want alhoewel Streitberg konsekwent die naam aktionsart gebruik, praat Scherer al dadelik van Streitberg se "Classical aspectic theory". Beide die terme en die verskynsels aspek en aktionsart is dus nie uit mekaar gehou nie. Maurice Marache[2] noem dit dan die hooffout van Streitberg dat hy die twee kategorieë nie skerp genoeg geskei het nie, naamlik aan die een kant die suiwer grammatikale (of subjektiewe) en aan die ander kant 'n semantiese (of objektiewe) kategorie. Volgens Marache het eersgenoemde alleen daarmee te make hoe die handeling geaktualiseer word, veral in die duur daarvan; die laasgenoemde staan daarenteen in leksikaliese teëstelling daarmee, soos bv. in die paar wachen x erwachen. Dit is dus niks anders nie as 'n a aspekties-aktionsartige onderskeid waarop hy doel.

---

1 Streitberg, W., p. 276.
2 Marache, M., op. cit., p.5 e.v.

Marache se groot bydrae is dat hy die funksie van die komposita met ga- as premorfeem hoofsaaklik uit hulle konteks gaan probeer verklaar het, dat hy dus elke geval op eie meriete beoordeel het en wel soos dit in die sin voorkom, waar die logaliteit van elke afsonderlike geval tog maar op sy duidelikste optree. Hierdie metode van Marache is egter volgens Scherer juis onaanvaarbaar. Marache se indeling is in sy wese al 'n aspekties-aktionsartige, alhoewel sy terminologie nog onhelder en soms onsuiwer is.

Philip Scherer het 'n belangrike bydrae gelewer tot die opvatting van die funksie van die Gotiese funksielingematiese premorfeem. Die ga- tree volgens hom in drie kategorieë op, naamlik: as logaliteitsonderskeidende, tempusonderskeidende morfeem en ook 'n kategorie waarin geen van bogenoemde funksies op die premorfeem van toepassing is nie. Hy maak verder van 'n heel ingewikkelde sisteem van stelle ("verbal sets") gebruik aan die hand waarvan hy hierdie kategorieë illustreer, wat egter nie hier weergegee kan word nie.

Dat die ga- logaliteitsonderskeidend is, is natuurlik 'n bewys daarvoor dat dit 'n aktionsartige vormingselement moet wees, soos ek vroeër alreeds probeer aantoon het. In die opsig steun Scherer dus die voorafgaande bevindinge.

Hy beskou die ga- as temporaal differensiërend in 'n kompositum soos in die volgende voorbeeld:

Iesus stoþ faura kindina x .... is urreisands gastoþ..
Volgens Scherer is gastoþ temporaal gedifferensieerd van urreisands: ("he rose and then he stood"). Dit is egter heeltemal logies om eers op te staan en dan te staan. Hierdie temporale verskil kon dus net sowel sonder die ga- óók duidelik uitgedruk gewees het:
.... is urreisands stoþ.....

Scherer kom dan tot die gevolgtrekking dat die ga-vorm in 2121 gevalle by 196 funksielingemate temporaal differensiërend is, terwyl dit maar slegs in 389 gevalle by net 24 funksielingemate logaliteitsdifferensiërend is. Hoe hy egter die ga- in al vier die kategorieë van die funksielingemaat verklaar, bv. in gastandan gastoþ gastodum gastandans, is 'n ope vraag. Kan hier nog sprake wees van tempusverskil?

Wat Scherer egter wel onder die aandag bring, is dat die funksie van die Gotiese ga-premorfeem nie eenvlakkig is nie. En wanneer mens in aanmerking neem dat dit wel in die ouer tale, waaronder Grieks en Latyn, die geval is, moet jy tot die gevolgtrekking kom dat daar funksieverandering of -verskuiwing kon plaasgevind het. Dit is baie waarskynlik maar tog ook nie bewysbaar nie dat die oorspronklike funksie van hierdie premorfeem in Goties aktionsartig kon wees en dat daar later onder allerhande invloede en as gevolg van verskillende omstandighede ander funksies kon ontstaan het.

Alhoewel daar nouliks sprake van kan wees dat die ga-premorfeem aspek in Goties kon uitgedruk het, het die verswakking wat daar ten aansien van die aktionsartige funksie van die premorfeem ingetree het, tog 'n ruimte gelaat vir die ga- om langsamerhand vir ander funksies of doeleindes aangewend te word. Daarom kan mens van Goties as 'n "ingressiewe" oorgangstadium praat.

Dit is miskien op hierdie stadium nodig om enkele komposita soos dit in die Gotiese sin voorkom, op aktionsartige wyse te probeer verklaar. Hier, soos ook by ander tale die geval is en soos alreeds by herhaling aangetoon, moet mens nie verwag dat elke kompositum 'n sterk aktionsartige funksie sal hê nie. Die volgende is slegs van die meer duidelike gevalle:

Intensief:

"frah ina ga-u-hwa-sehwi". Hier word 'n besondere visuele waarneming in teenstelling tot 'n vroeëre blindheid veronderstel en deur middel van die premorfeem beklemtoon (Mark.8:23). Wanneer die blote vermoë om te kan waarneem, te kan sien, soos in Joh. 9:15: "jah afþwoh, jah saihwa", vergelyk word met die meer intense ervaringe soos in Matth.11:4: "gaggandans gateihiþ Iohanne gahauseiþ jah gasaihweiþ", dan is die aktionsartige verskil tussen hierdie vorme ook duidelik. 'n Ewe sprekende voorbeeld van só 'n geval vind mens in Luk. 8:8 "saei habai ausona du hausjan, gahausja".

Die simpleks logeer bloot "hoor", dit is byna die fisieke vermoë, terwyl gahausja "aandagtig luister" logeer, dus meer op die geestelike dui. So is daar nog veel meer bewysmateriaal betreffende die Gotiese intensiewe aktionsartige ge-premorfeem, maar hiermee sal volstaan moet word.

Inseptief:

"jah gasitands laisida us þamma skipa manageins" (... het gaan sit.....)

Effektief:

"Jah þishvaruh þei ina gafahiþ, gawaírpiþ ina, jah kriustiþ tunþuns seinans, jah gastaúrkniþ" (Markus 9:18), wat respektiewelik logeer:"aangryp".... "neergooi". .. "verstyf".

Die Angel-Saksiese premorfeem

Anders as wat in Goties die geval is, tree die ge- in Angel-Saksies wel as aspekaanduidende premorfeem op. In Goties het die ga- òf in al vier die vormkategorieë van die funksielingemaat voorgekom òf glad nie, dit wil sê die ga- het hoofsaaklik 'n aktionsartige funksie gehad maar glad nie 'n aspektiese nie, soos alreeds betoog is. Maar wanneer die ge-premorfeem in Angel-Saksies slegs in één kategorie (die verlede deelwoord) voorkom, kan daar sprake wees daarvan dat dit 'n aspektiese premorfeem is. By die postmorfemiese

funksielingemate, byvoorbeeld:

nerian	nerede	neredon	(ge)-nered
fremman	fremede	fremedon	(ge)-fremed)

het die ge- geen aktionsartige funksie soos wat dit wel het in die Ags. ablautsfunksielingemate wat met ge- saamgestel is nie, bv.

gebidan gebad gebidon gebiden

nie. Die ge- in (ge)-nered en (ge)-fremed kan daarenteen wel 'n aspektiese funksie hê.

Die feit dat die ge- in die laasgenoemde twee gevalle tussen hakies aangegee word, en die feit dat die ablauts- en die premorfemiese of reduplikasiefunksielingemate in hulle simplekse vorme glad nie 'n ge- in die verlede deelwoord toon nie, wys baie sterk daarop dat Angel-Saksies 'n oorgangstadium tussen Goties en die tale van die Middelperiode moet wees. Daar is reeds aangetoon dat die verwante premorfeme in Grieks en Latyn slegs aktionsartige funksie verrig het; in Goties moes die komposita met ga- ook waarskynlik 'n aktionsartige funksie gehad het, in elk geval geen aspektiese nie; in Angel-Saksies kon die ge- òf 'n aktionsartige funksie gehad het soos in die funksielingemate gebidan (verwag) x bidan (wag); gefyllan (vervul) x fyllan (vul); geferan (onderneem) x feran (gaan) en gehatan (belowe x hatan (roep, beveel) ens., òf dit kan 'n aspektiese funksie vervul het soos in die genoemde genered en gefremed.

Daar kan meer as een rede wees waarom die ge- sy oorspronklike krag as aktionsartige premorfeem ver-

loor het. Een hiervan kan wees dat die Gotiese ga- alreeds sy krag verloor het die oomblik toe dit nie meer as outonome lingemaat gebruik is nie maar as premorfeem aangewend is. As gevolg van die onbeklemtonde posisie waarin dit nou te staan gekom het, is dit ten aansien van sowel die morfologie as die funksie daarvan aan afslyting blootgestel. Dit is daarom dat die Germaanse ga- kon ontwikkel tot 'n vorm soos die Angel-Saksiese ge- en selfs tot die g- in ander dialekte. Die Gotiese ga- moes dan ook sy logaliteit in 'n mindere of meerdere mate inboet, juis daarom het sy aktionsartige funksie ook verdof, want aktionsart en logaliteit is onskeibaar verbonde.

Die Angel-Saksiese ge- met sy veranderde funksie, naamlik van aspek en aktionsartigheid, is dus in dié opsig 'n skakel tussen die tale waarin die premorfeem hoofsaaklik slegs 'n aktionsartige funksie gehad het, al is dit dan ook nie meer altoos aantoonbaar nie, en die jonger tale, waarin die ge- hoofsaaklik aspek uitdruk.

H.J. van Swaay het hierdie oorgang taamlik raak saamgevat. Hy sê die materiële betekenis (logaliteit) van die premorfeem het hoe langer hoe seldsamer geword, en wat die sintaktiese funksie betref, is opgemerk dat in Goties die perfektiewe (d.i. aktionsartig effektiewe) krag van ga- nie altyd meer helder optree nie, "dat zich daar reeds gevallen voordoen, waar het verschil tusschen simplex en compositum al besonder klein is"[1].

---

1 Van Swaay, H.J., op. cit., p. 70.

Hy betoog dan verder dat die simpleks en die kompositum dan allengs deurmekaar gebruik is. Otfrid het in Oud-Hoogduits byvoorbeeld die simpleks en die kompositum om metriese redes willekeurig gebruik. Jacob Grimm[1] meen dat die kompositum en die simpleks in Angel-Saksies nog meer as in Oud-Hoogduits saamgeval het. Dit kom dus daarop neer dat die ge- of die gi- in sulke gevalle nie meer aktionsartig differensiërend van die simplekse vorme gebruik is nie. Waar die logaliteit van die premorfeem dus verswak of verdof het, daar het die aktionsartigheid wat die ge-, gi- oorspronklik moes uitdruk, ook verdof of verswak. Van Swaay stel dit raak wanneer hy sê dat die tand des tyds aan die logaliteit van die premorfeem geknaag en slegs hier en daar iets gespaar het. Van hierdie oorblyfsels het in die een dialek meer, in die ander minder duidelike spore oorgebly. Miskien moet mens dit dan so sien dat dit wat wel nog gespaar gebly is, dus nog logaliteit dra, nog aktionsart uitdruk, maar dat die res òf volkome funksieloos geraak het òf later 'n ander funksie kon oorgeneem het onafhanklik van die aktionsartige. Die posisie is in Angel-Saksies nog maar hangende: die ge- word soms as aktionsartige uitdrukkingsmiddel gebruik, soms lê die kompositum- en die simpleksvorme egter al so na aan mekaar dat die aktionsart waaraan die kompositum uitdrukking gee, òf sodanig verbleek het dat dit moeilik is om dit aan te dui òf glad nie meer van

---

1 Grimm, Jacob, aangehaal deur Van Swaay, op. cit., p.70.

die simplekse gedifferensieer kan word nie. Soms word die premorfeem ook ter uitdrukking van aspek aangewend.

Eers in die jonger tale soos Middelhoogduits, Middelnederlands en veral Afrikaans merk mens op dat die skaal meer na die een kant toe begin oorslaan of alreeds oorgeslaan het.

Ten slotte enkele voorbeelde van die ge- as aktionsartig-funksionele premorfeem in die Angel-Saksiese sin:

"Wit þæt gecwaedon cniht-wesende / ond gebeotodon.." gecwaedon logeer "saamgesê", dus "ooreengekom", dit is dus effektief; gebeotodon is resultatief, logerende "verbind". Net so is geaefndon, "uitgevoer" in "ond þaet geaefndon swa" effektief. In "And God þa gefylde..... his weorc" is die kompositum ook aktionsartig-effektiewe, maar gedo is kousatief in "is gedo þe weligne".

HOOFSTUK V

DIE GE-PREMORFEEM IN DIE JONGER GERMAANSE TALE: MIDDELHOOGDUITS, MIDDELNEDERLANDS, NIEU-NEDERLANDS EN AFRIKAANS

In hierdie jonger Germaanse tale is die posisie al vaster, sodat mens die rigting waarheen die ge-premorfeem ontwikkel het, nader kan bepaal.

Middelhoogduits

In teëstelling tot Angel-Saksies is dit opmerklik dat die ge-premorfeem in Middelhoogduits deurgaans in die vierde kategorie (verlede deelwoord) van al die funksielingemate, dit wil sê van die ablauterende, die pre- en die postmorfemiese funksielingemate voorkom:

Die ablautsfunksielingemate:

I	biten	beit	biten	gebiten
II	biegen	bouc	bugen	gebogen
III	binden	bant	bunden	gebunden
IV	nëmen	nam	namen	genomen
V	gëben	gap	gaben	gegeben
VI	varn	fuor	fuoren	gevarn

Die premorfemiese funksielingemate:

bannen	bien	bienen	gebannen
slafen	slief	sliefen	geslafen

Die postmorfemiese funksielingemate:

lëben	lebete	lebeten	gelebet

'n Moontlike verklaring vir die funksieverandering wat die ge-premorfeem ondergaan het, dit wil sê van 'n uitdrukkingsmiddel van aktionsart soos ons dit in die ouer tale aangetref het, tot aspek, soos ons dit in ruim mate in die jonger tale, waarvan Mhd. een is, aantref, is die volgende:

Die ge-premorfeem of sy variante het, soos alreeds meermale aangetoon is, oorspronklik 'n aktionsartige funksie gehad. Dit kon verdof het as gevolg van die onbeklemtoonde posisie waarin dit gestaan het, en kon defunk geraak het omdat die taalgebruikers mettertyd nie meer die sterk logaliteit en aktionsartigheid wat dit oorspronklik vir hulle ingehou het, aangevoel het of kon aanvoel nie. Die kompositum het dus langsamerhand weer met die simpleks saamgeval, soos Grimm reeds beweer het. Dit is verder moontlik dat hierdie defunkte premorfeem in die vierde kategorie behoue gebly het om tussen die verlede deelwoord (d.i. die vierde kategorie) en die infinitief te differensieer, anders sou hulle morfologies presies dieselfde gewees het. In Goties en Angel-Saksies was dié differensiasie nog deur middel van die morfeme en sinteme gedoen: vergelyk hiervoor maar Goties infinitief buidan x verlede deelwoord budans en die Angel-Saksiese bidan x biden.

In Middelhoogduits verrig die ge- dus die funksie wat die -ans in Goties en die -en in Angel-Saksies gedoen het. ge- is dus in hierdie geval 'n aspektiese morfeem.

Die ge- tree in Mhd. nog betreklik frekwent as aktionsartige premorfeem op en gee gewoonlik aan meer as een aktionsart gestalte:

intensief: gedenken (gedenk);
effektief: gedienen (verdien), geenden (eindig), gehoeren (afluister);
kousatief: gestegen ('n steeg maak), gewegen ('n weg maak);
inseptief: gesitzen (begin om te sit), gestan (begin om te staan).

Middelnederlands

In Middelnederlands is die hele ontwikkeling al so te sê volledig uitgekristalisseer, soos dit natuurlik ook in Middelhoogduits die geval is. Die ghe- word op 'n paar uitsonderinge na altyd in die vierde kategorie van die funksielingemaat gebruik. Die uitsonderinge is: comen, liden, bringhen en worden. Hulle is aktionsartig alreeds perfektief, dit wil sê dat die inchoatiewe moment, die kontinuïtiewe moment en die afloopmoment sinchroniseer. Dié funksielingemate is aktionsartig dus sódanig logerend dat dit onnodig is om hulle aspekties te rig. By al die

ander funksielingemate in Middelnederlands is dit egter wel nodig om dit aspekties perfektief in die vierde kategorie te rig; daarom word die ghe- daarvoor aangewend, bv. in gripen greep grepen ghegrepen, ensovoorts.

Die ghe-premorfeem gee ook in Mnl. nog uitdrukking aan aktionsart. Hiervan is daar die volgende voorbeelde: "Als Roelant daar kwam, gebrac hem kracht", waar die ge- intensiewe funksie het; "Ende ik mi moeste generen Metten schilde ende metten spere", waar generen eweneens 'n intensiewe vorm is, vergelyk maar net neren (voed) x generen (onderhou); "Nemmermeer en gevalt mi dat" (gebeur) x vallen (val). Volgens T.H. en J.J. le Roux kan die ghe- aangewend word om die beginpunt van die handeling uit te druk[1]: "Inne mach sitten no ghestaen" (op my voete kom). Hier het die ghe- dus niks anders nie as 'n aktionsartig-inseptiewe funksie.

Voorbeelde van intensiwiteit gee hulle in die volgende aan,al noem hulle dit nie aktionsart nie: "hi en leeft niet, die u gheseide die costlijcheit van den ghereide" (wat die prag van die saal ten volle sou kon beskryf), alhoewel dit eerder as effektief opgeneem sal kan word. ghewrochte soos dit in "Bi den Here die mi ghewrochte" voorkom, kan waarskynlik as intensief-resultatief verklaar word.

---

1 le Roux T.H. Middelnederlandse grammatika, p.214.

A.C. Bouman[1] gee heelparty Middelnederlandse sinne met ghe-/ge-, maar hy tipeer dit alles bloot as perfektief: "die nidech es hine caent gedecken" (hy kan dit nie voldoende bedek hou nie), vir ons gevoel is dit aktionsartig-effektief;

"also vele als ghi moghet ghedraghen" (met alle inspanning kon dra), dus intensief;

"al dat goet dat hem god je ghedede", (al die goeie wat God hom ooit ten volle aangedoen het); "en welt hi di niet ghehoren" (luister na); "si reden sere... wat ghelopen mochten de paert", is almal intensief.

Voorbeelde van inseptiewe is onder andere die volgende: "In dat huus snachs sie ghelach" (het gaan lê); "Mijn her Keye mocht niet geswigen" (begin en aanhou swyg); "inne mach sitten no ghestaen" (aan die staan kom).

So is daar in der waarheid nog baie meer voorbeelde uit ander bronne aan te haal, ook uit ander tekste, soos die volgende wat uit Van den Vos Reinaerde geneem is: "Des vleesch dedi dor sine kele / So vele gheliden utermaten" (deurglip), wat effektief is; "Het stont hem so, hi moest ghedoghen / So sere sloechsine ende staken" (verduur, verdra), en ook nog "In seide, ic wilde hem gheloven"(verseker), wat albei effektief is.

---

1 Bouman, A.C. Middelnederlandse bloemlezing, p. 58-62.

Nieteenstaande die feit dat mens nog taamlik maklik en sonder om baie hard daarvoor te soek genoeg voorbeelde in die Middelnederlandse taal kan opspoor van die ge- in funksielingematiese verbindinge waar dit nog 'n min of meer duidelike aktionsartige funksie bewaar het, is daar tog ook talle funksielingemate in Middelnederlands wat nog met die ghe- in al vier die kategorieë voorkom maar waarin die spesifieke aktionsartigheid wat dit oorspronklik kon uitgedruk het, òf baie moeilik òf glad nie aantoonbaar is nie. Vergelyk hiervoor maar slegs die rye en rye komposita wat die Middelnederlandse woordeboeke aangee. Ook hier is dit dus waarskynlik dat die simpleks en die kompositum algaande in mekaar kon ineengevloei het.

Nieunederlands

Hier is die posisie identies aan die van Mnl., behalwe dat die aantal funksielingemate met ge- in al vier die kategorieë in Nnl. baie kleiner is as in Mnl. In hierdie opsig staan Hoogduits baie nader aan Middelhoogduits, aangesien hier nog meer ge-vorme oorgedra is as wat daar van Middelnederlands na Nieu-Nederlands oorgekom het.

Afrikaans:

Afrikaans het weinig funksielingemate met ge- in die infinitief bewaar, met ander woorde, daar is maar enkele ge-komposita in Afrikaans wat logaal van die ooreenstemmende simplekse verskil en dus ook aktions-

art deur middel van die premorfeem vergestalt. Hier dink mens byvoorbeeld aan:

gedenk: Gedenk jou ouers terwyl jy nog kan;
gedra: Hy gedra hom onberispelik;
geraak: Hoe kan mens anders as om tot dié gevolgtrekking te geraak?
gesê: Hy laat hom nie so maklik gesê nie;
gevoel: Ek gevoel my geroepe om dit te doen.

Hierteenoor maak Afrikaans byna sonder uitsondering gebruik van die ge- om aan die perfektiewe aspek uitdrukking te gee. In gevalle soos: Hy het die boek kom haal, wat natuurlik ook nog gekom haal kan wees, is dit onnodig om die premorfeem te gebruik, omdat die morfemaat het reeds voldoende is.

Dit wil in der waarheid voorkom asof Afrikaans mettertyd glad nie meer aktionsart deur middel van die premorfeem ge- gaan uitdruk nie maar dat dit allengs deur die logeem van die funksielingemaat self uitgedruk sal word. Afrikaans is dan in dié sin 'n eindpunt, omdat hierdie premorfeem oorspronklik slegs aktionart uitgedruk het maar dat dit vandag byna slegs as 'n aspektiese middel geken word.

Waar die ge- wel nog in Afrikaans aktionsartig gebruik word, is dit by hoë uitsondering en die gebruiksfrekwensie is hier ook besonder laag. Eintlik word dit slegs deur die meer geleerde en miskien nog deur die ouer mense gebruik. Die volk ken hierdie aanwending van die ge-, behalwe in die geval van gedra, omtrent glad nie.

SAMEVATTING

Die aan ge- verwante Griekse en Latynse premorfeme sun- (sum-, sul-, su-) en con- (com-, col-, co-,) het elkeen 'n outonome vorm gehad, wat dus 'n outonome lingemaat met 'n eie logaliteit was. Hierdie lingemate het in elke geval "saam met", of in Engels "together with", gelogeer en is mettertyd as premorfeem aangewend om 'n spesifieke logaliteitsverskil ten opsigte van die betrokke ga-lose simpleks teweeg te bring, dus ook aktionsartige verskil. Dit is egter alreeds in hierdie tale moeilik om hierdie aktionsartige funksies vas te stel.

Dit is egter onbetwisbaar dat geen een van bogenoemde premorfeme ooit aspektiese funksie gehad het nie.

In die ouer Germaanse tale is dit baie moeilik om die ware toedrag van sake noukeurig vas te stel, aangesien Goties, die oudste skriftelik oorgelewerde taal, blykbaar alreeds in 'n oorgangstadium gestaan het. Voldoende bewysmateriaal is egter in dié taal se funksielingemaatstelsel ontdek om ook hier te kan beweer dat die ga- oorspronklik logale verandering in die simpleks teweeggebring het, dus aktionsartige funksie gehad het. Bewys hiervoor is dat die premorfeem oorspronklik 'n outonome lingemaat met 'n eie logale inhoud was. Dit is egter ook duidelik dat baie van die ga-komposita in Goties nie meer 'n baie duidelike aktionsartige logaliteit gedra het nie. Dit kan toegeskryf word òf

aan funksieverdowwing of -verdwyning òf aan analogiewerkinge. Omdat die ga- sy outonomiteit verloor het toe dit as premorfeem aangewend is, dus omdat sy logaliteit ook versteur en verdof is as gevolg van die onbeklemtoonde en onbelangrike posisie waarin dit as premorfeem beland het, is die logaliteit oorgedra op of in die logaliteit van die logeem van die kompositum. Daarom kon die premorfeem defunk geraak het en later selfs geapokopeer het of vir ander funksies aangewend word behalwe vir aktionsartaanduiding.

In Angel-Saksies is die aktionsartige funksie van die ge- nog aanwesig, maar daar is al baie gevalle waarin die aktionsartigheid òf moeilik òf selfs glad nie aan te toon is nie. Dit is in hierdie taal nou en dan in die vierde kategorie van die postmorfemiese funksielingemate aangewend om aspek uit te druk.

In Middelhoogduits en Middelnederlands het die ge, resp. ghe- nog soms as aktionsartige middel opgetree, maar in hierdie tale het dit alreeds oorheersend uitdrukking aan aspek en wel perfektiewe aspek gegee.

En hierdie proses het hom dan naastenby volledig in Nederlands maar veral in Afrikaans voltrek. Ook in hierdie opsig kan ons dus van Afrikaans as die mees moderne Germaanse taal praat.

BIBLIOGRAFIE

Bouman, A.C. Middelnederlandse bloemlezing. Zutphen, Thieme, 1934.

Broos, J.A.R. Aspek, 'n driedimensionale interpretasie. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, C.52, Pretoria.

Bugge. Etimologische Studien über germanische Lautverschiebungen. P.B.B. (12, 13), aangehaal deur H.A. van Swaay.

Cook. A first book in Old English. London, Ginn, 1899.

Delbrück, B. Grundriss der vergleichende Grammatik der Indogermanische Sprachen, I. Strassburg, K. Trübner, 1893.

Franck. Etymologisch woordenboek der Nederlandse taal. Verwerk deur N. van Wyk. s'Gravenhage, M. Nijhoff, 1912.

Grimm, J. Deutsche Grammatik, II. Gütersloh, Bertelsman, 1826.

Jespersen, O. The philology of grammar. London, G. Allen, 1951.

Kern. Ga, sa en cum. Taalkundige bijdragen I, 1877, aangehaal deur Van Swaay.

Kluge, F. Etymologisches Wörterbuch der deutschen Sprache. Strassburg, Karl F. Trübner, 1899.

Kritzinger, M.S.B., e.a. Verklarende Afrikaanse woordeboek. Pretoria, Van Schaik, 1961.

Labuschagne, F.J. Die oorsprong en wese van taal, funksioneel gesien. Oorgedruk uit Tydskrif vir wetenskap en kuns. Oktober, 1957.
Ongepubliseerde diktaat. Potchefstroom 1964.

Lecoutere, C.P.F. Inleiding tot de Taalkunde en tot de geschiedenis van het Nederlands. Leuven, Vlaamse Drukkerij, 1959.

BIBLIOGRAFIE

Le Roux, T.H. en J.J. Middelnederlandse grammatika. Pretoria, Van Schaik, 1951.

Liddell en Scott. Greek-English lexicon. Oxford, Clarendon Press, 1903.

Marache, M. Die gotischen verbalen ga-Komposita im Lichte einer neuen Kategorie der Aktionsart. Zeitschrift für deutsches Altertum und deutsche Literatur, 90:1-35, 1960.

Muller, W.J. en Kluyver, H. Handwoordenboek der Nederlandsche taal. s'Gravenhage, M. Nijhoff, 1902.

Scherer. Zur Geschichte der deutschen Sprache. 1878. Aangehaal deur Van Swaay.

Scherer, P. The theory of the function of the Gothic preverb ga-. Word 20(2): 222-245, Aug. 1964.

Schönfeld, M. Historiesche grammatica van het Nederlands. Zutphen, Thieme, 1947.

Schmidt, J. Zur Geschichte des indogermanischen Vocalismus. Aangehaal deur Van Swaay.

Schneider, B.A.T. Aspek as uitdrukkingsmiddel van handeling. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, 1962.

Streitberg, W. Perfektive und imperfektive Aktionsart im Germanischen. Paul und Braune's Beiträge, 15: 70 e.v., opgeneem deur B. Delbrück, Vergleichende Syntax, p. 152.

Urgermanische Grammatik; Einführung in das vergleichende Studium der altgermanischen Dialekte, 1900.

Van der Merwe Scholz, H. Taal en Taalverskynsels. Bleomfontein. Nasionale Pers, 1962.

BIBLIOGRAFIE

Van Swaay, H.A. Het prefix ga- gi- ge- en de "Actionsart". Utrecht, 1899.

Van Wyk, N. De Nieuwe Taalgids. 21: 227. 1926.

Vercoullie, J. Beknopt etymologisch woordenboek der Nederlandse taal. Gent, J. Vuylsteke, 1898.

Walde, A. Lateinisches etymologisches Wörterbuch. Heidelberg, Winter, 1938.

Woodhouse, S.C. English-Greek Dictionary. London, 1932.

Wyatt, H.J. Beowulf with the Finnsburg fragment. Cambridge, University Press, 1933.